# Soja in die Suid-Kaap kán verbou word

Somergewasse, soos sojabone, is vir die meeste Suid-Kaapse graanboere betreklik vreemd. 'n Groepie boere van die Suid-Kaap het egter die afgelope paar groeitye betreklik goeie sukses met sojabone behaal, veral onder besproeiing.

Sojabone kán 'n belangrike rol as wisselbougewas in die Suid-Kaap speel. Onder besproeiing is die afgelope paar groeitye goeie resultate behaal, maar droëland-produksie bly 'n probleem vanweë die wisselvallige neerslae wat die streek in die somer ondervind, het die oudnavorser mnr. Carel Grimbeek onlangs gesê.

Sy klante het die afgelope groeityd saam ongeveer 1 000 ha sojabone geplant.

Carel het op Groot-Brakrivier afgetree, maar is deesdae met die samewerking van die saadmaatskappy Agricol betrokke as raadgewer en mentor by verskeie Suid-Kaapse boere wat met sojabone eksperimenteer. Hy was vir 45 jaar verbonde aan die Landbounavorsingsraad (LNR) en later ook by die Proteïennavorsingstigting (PNS).

'n Groep boere en belangstellendes het onlangs op uitnodiging van Carel by die Outeniqualand-landbouverenigingsaal naby George bymekaargekom om idees uit te ruil en sojaboonaanplantings op die plaas van mnr. Ruben Barnard, 'n boer, te besigtig.

"Rondom George, waar die somerreënval hoër is, behoort boere droëland-sojabone in 'n goeie reëntyd suksesvol te kan verbou. Verder wes, soos by Riversdal, Swellendam en Riviersonderend, is die risiko te hoog en behoort sojaboonproduksie slegs onder besproeiing aangepak te word, het Carel gesê.

Verlede jaar het 'n gemiddelde droëland-opbrengs van 2 t/ha-3 t/ha gelewer, terwyl daar 3,5 t/ha tot 4,5 t/ha onder besproeiing geoes is. Vanjaar se groeityd was weens die weer 'n bietjie meer uitdagend en die meeste droëland-sojabone is uiteindelik vir die maak van kuilvoer aangewend. Produksie onder besproeiing word op 3,5 t/ha tot 4,5 t/ha beraam.


## NUWE KULTIVARS

Op die inligtingsdag het mnr. Roelf van Niekerk, sojaboongewasbestuurder van Agricol, die maatskappy se reeks Donmario-kultivars uit Brasilië bekend gestel. Dit sal in die komende planttyd plaaslik beskikbaar wees. Dit sluit kultivars uit 'n verskeidenheid groeiklasse in, elk met verskillende eienskappe vir bepaalde omstandighede. Die kultivars is DM5.1iRR, DM5953RSF, DM6.2iRR en DM6.8iRR.

Weens die Suid-Kaap se beperkte hitte-eenhede behoort boere meer aandag te gee aan kultivars met 'n kort groeityd (kort groeiers), het Roelf gesê. Die kultivar DM4670RR, wat in die

**LIGGING**

Suid-Kaap



**KORTOM**

- Sojabone kan suksesvol in die Suid-Kaap verbou word.
- Dit moet verkieslik onder besproeiing gedoen word weens die wisselvallige reënval in die somer.
- Nuwe kultivars van Brasilië is nou vir boere beskikbaar.

**'Weens die Suid-Kaap se beperkte hitte-eenhede behoort boere meer aandag te skenk aan kultivars met 'n kort groeityd (kort groeiers).'**



Verskeie soja-aanplantings is tydens die inligtingsdag besoek, onder meer dié droëland-aanplanting van die boer mnr. Ruben Barnard.

For use by triplets@live.co.za only. Distribution prohibited.



Mnre. Carel Grimbeek (links), organiseerder van die inligtingsdag, en Roelf van Niekerk, gewasbestuurder vir sojabone van Agricol.

verlede uitstekend onder besproeiing gevaar het, sal uitgefaseer word omdat die klein vraag daarna nie die invoer van saad regverdig nie.

Hy het verskeie tegniese wenke oor sojaboonproduksie gegee en het voorgestel dat verskillende kultivars op verskillende datums geplant behoort te word om risiko's te versprei.

Volgens inligting uit proewe het kort groeiers beter gevaar wanneer dit 'n bietjie later in die groeityd geplant is, terwyl medium- en lang groeiers liefs vroeër geplant behoort te word. Soja kan vanaf einde Oktober tot in Desember geplant word, maar die ideale planttyd is rondom die eerste drie weke van November.

Hy het teen 'n té hoë plantdigtheid gewaarsku, aangesien mededinging tussen plante die plante se stoel- en peulvormingsvermoëns beperk. Verder is egalige saadverspreiding belangrik vir optimale produksie.

## NÓG AANBEVELINGS

Aalwurms veroorsaak groot oesverliese en min navorsing is tot dusver gedoen oor watter kultivars die beste weerstand bied. Hoewel korter groeiers later aangeplant moet word, beveel Carel boere aan om vir probleme met *Sclerotinia* voorkomend op te tree deur korter groeiers vroeër in die groeityd te plant – teen 'n laer plantdigtheid.

Mnr. Hendrik Kapp, hoofbestuurder van Soygro, het ook by dié geleentheid inligting aan boere verskaf.

Soygro is 'n Suid-Afrikaanse maatskappy en is reeds 26 jaar lank in die bedryf. Dié maatskappy spesialiseer in plant- en grondentstowwe wat biologiese oplossings vir die sojaboonbedryf bied, waaronder biologiese stikstofbinders en groeistimulante, asook produkte wat help met die biologiese mobilisering en die beskikbaarstelling van voedingstowwe aan gewasse.

Tydens die enting van die saad is dit volgens Hendrik belangrik om daarop te let dat die entstof egalig oor die saad versprei moet word. Boere moet ook seker maak die regte *Rhizobium*-stamme word met enting gebruik. Sommige stamme kan skadelik vir die plantwortels wees.

Hy het die belangrikheid van die spoorelement molibdeen beklemtoon, veral die rol wat dit tydens stikstofbinding in die plant speel. Té veel molibdeen kan skadelik wees en boere moet seker maak van die aanbevole hoeveelhede tydens vermenging.

## ALTERNATIEF

Boere wat die geleentheid bygewoon het, is dit eens dat sojabone 'n goeie alternatief as wisselbougewas bied. Behalwe dat dit stikstof bind en in die grond terugplaas (tot 50 kg/ha), bied dit ook die geleentheid om van ongewenste grasonkruide ontslae te raak.

Boonop is daar in die Suid- en Wes-Kaap 'n groot vraag na verwerkte sojabone. **LBW**

NAVRAE: Mnr. Carel Grimbeek, sel **082 532 9603.**


WEP ENGINEERING & CONSTRUCTION
VERVAARDIGER VAN STAAL STRUKTURE



ENIGE GROTE
wepeng@vodamail.co.za
www.steelstructureswep.co.za
Kantoor:011 967 1574 / 076 130 6242
087 943 7464 Fax: 086 524-5859

Pakhuise, Vliegtuigloodse, Store ens. Volgens die Kliënt se behoeftes. Ontwerp volgens Ingenieur Spesifikasies.

Gebuigde Sink, Geuwels, Sy-Bekleding, Isolasie, Deursigtige Dakplate, Skuifdeure en Rol-Op deure. Aflewering.

Solar Man
Hernubare energie vir 'n Skoner Planeet.



Sanyo Solar panele en ander
OUTBACK Inverter en MPPT Controllers
Rëelaars | Omsetters | Batterylaaiers | Onderhoudsvrye batterye.
Bosch Yskaste (A++) 300W/D (355L) Bosch Vrieskaste (A++) 600W/D (270L)
Sonkragpompe 24, 36, 48V | Lorentz pompe - besproeing en spesiale Son Geysers

Vooraf beplanning is noodsaaklik, besoek gerus: www.solarm.co.za
Tel/faks: 012 809 1525 / 012 809 1427
071 690 8022 / 071 690 8031 / 082 331 0904
Winkel nr 9. H/V Bendeman Boulevard en Hans Strijdom, (Pretoria Oos, langs Makro)
E-pos: solar1@solarm.co.za of info@solarm.co.za

BARLOWORLD SEM
VOLLEDIGE ONDERDELE-BESKIKBAARHEID EN DIENS REGDEUR SUID-AFRIKA

SEM 639 C R725 000
SEM 639 B R645 000
SEM 616 B R385 000
Pryse sluit BTW en vervoer uit.

SEM 919 MOTORSKRAPER
NOU BESKIKBAAR
R1 650 000



BARLOWORLD SEM: Ewan Bradley 083 792 5044
Sean Yates 082 876 3617 • Marius de Kock 076 503 2425

SUBHANDELAARS: GAUTENG Vanderbijlpark GF Supra 016 931 3622 KWAZULU-NATAL Barloworld 083 629 2978 Drakensburg Agri 036 488 1644 LIMPOPO Cotsmaster 013 261 8907 MPUMALANGA Balfour Treklanddienste 017 773 0263 Barloworld Agriculture 013 244 1311 Bethal Filter Dienste 017 647 5810 JWL Ermelo 017 819 2731 NAMIBIË Baumann & Meier Workshop 00264 8112 49515 Otjiwarongo Motors +264 67 303 041 NOORDWES Brits Hart-Top 082 875 5489 Cerealis 018 632 0362 Montenegro Agric trade 018 011 1100 Vryburg CJ Motorvoertuie 053 927 6548 Tradestuff 018 431 0062 OOS-KAAP East London Tractor World 043 726 4007 VRYSTAAT Barloworld Bethlehem 058 303 0894 Barloworld Bothaville 056 515 4867 Bright Trekkers 058 813 1168 Hoopstad Trekkers 053 444 1900 Kroonstad GF Supra 056 215 2367 WES-KAAP Malmesbury Hennies Trekkers 022 487 2434

SEM
Hoofrifweg 136, Boksburg.
Tel: +27 11 323 2419
www.barloworld-sem.com
Barloworld SEM